



## DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW

Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997  
**Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001**



**8 April 2020**

Aan alle studente, personeel en dosente van die APA

### HERVATTING VAN AKADEMIESE PROGRAM OP 20 APRIL 2020

Ons lewe in onseker tye waartydens 'n mens moeilik langtermyn beplanning kan doen met omstandighede in die land wat op kort kennisgewing verander. Ons is tans nog in die staat van inperking en dit is onseker wat na 17 April 2020 in ons land met die inperkings gaan gebeur.

Ons klasse hervat amptelik weer op 20 April 2020, ongeag wat die besluit oor inperking na 17 April 2020 mag wees. Ons is in die bevoorregte posisie dat die APA reeds beskik oor 'n besonder goeie infrastruktuur om internetgedrewe onderrig te kan aanbied en ons nie hoef te skarrel om dinge in plek te kry soos baie ander instellings nie.

Ons besef dat hierdie 'n uiters spanningsvolle tyd vir u elkeen is. Ek wil graag as hoof van die APA, namens die Senaat vir elke student die gerusstelling gee dat ons u belange op die hart dra en dat ons sal seker maak dat studente wat hulle kant bring met hulle studies, die akademiese jaar suksesvol sal voltooi, ongeag wat die volgende paar weke of maande in ons land gebeur. U hoef dus nie onseker te wees oor u studies aan die APA vir 2020 nie. Ons het van die Senaat se kant reeds planne in plek om u op hierdie pad te begelei.

Ons is dankbaar dat ons toegewyde personeel het wat volstoom van hulle huise af werk om die APA se administrasie en akademiese verantwoordelikhede in plek te hou.

Mag u elkeen hierdie laaste paar dae gebruik om u vere reg te skud dat ons volstoom kan wegspring met die hervatting van ons akademiese program op 20 April 2020.

Vanjaar vier ons Paasfees ook in ongewone omstandighede: sonder kerklike byeenkomste en familie saamtrekke. Nietemin, wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u elkeen 'n geseënde Paasfees toe te wens. Mag ons Here wat die dood oorwin het, ons deur sy Gees troos en bemoedig dat God in beheer is van alles – ook hierdie omstandighede, en dat Hy alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet. Kom ons vertrou op Hom.

Deur as 'n span saam te werk, kan ons positief vorentoe beweeg.

Mag die Here sy hand van bewaring oor ons land en sy mense hou.

APA Groete

Prof. Gerrit Smit

Rektor